OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Saterdag 15 April 1978 — WINDHOEK — Saturday 15 April 1978 — No. 3738

INHOUD:

PROKLAMASIES:

No. 6 Dorp Khomasdal (Uitbreiding 4) Stigtingsvoorwaardes .....

No. R.60 (Republiek) Omskrywing van die Gebied waarbinne die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Regsmag by die Hawe van Saldanhabaai besit .....

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. 88 Munisipaliteit van Usakos: Wysiging van Elektrisiteitsvoorsieningsregulasies .....

No. 89 Dorpsbestuur van Maltahöhe: Wysiging van Regulasies op Waterlewering .....

No. 90 Sluiting van 'n Plaaspad: Distrik Mariental .

No. 91 Sluiting van 'n Distrikspad en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Gobabis .

No. 92 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Regulasies op Waterlewering .....

No. 93 Munisipaliteit van Otavi: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing .....

No. 94 Intrekking van 'n Private Wildtuin .....

No. 95 Wysiging van die Grense van die Nasionale Diamantkusontspanningsgebied .....

No. R.581 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/543) ..

No. R.582 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/544) ..

No. R.583 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/545) ..

No. R.584 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/4/9) ....

No. R.585 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/4/10) ...

No. R.586 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/4/11) ...

CONTENTS:

PROCLAMATIONS:

No. 6 Township of Khomasdal (Extension 4): Conditions of Establishment 426

No. R.60 (Republic) Description of the Area within which the South African Railways and Harbours Administration has Jurisdiction at the Harbour of Saldanha Bay 431

GOVERNMENT NOTICES:

No. 88 Municipality of Usakos: Amendment of Electricity Supply Regulations 434

No. 89 Village Management Board of Maltahöhe: Amendment of Water Supply Regulations .. 434

No. 90 Closing of a Farm Road: District of Mariental 435

No. 91 Closing of a District Road and Proclamation and Classification of a Road: District of Gobabis 435

No. 92 Peri-Urban Development Board: Water Supply Regulations 436

No. 93 Municipality of Otavi: Amendment of Electricity Supply Regulations 437

No. 94 Withdrawal of a Private Game Park 437

No. 95 Amendment of the Boundaries of the National Diamond Coast Recreation Area 438

No. R.581 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/543) 438

No. R.582 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/544) 439

No. R.583 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/545) 445

No. R.584 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/4/9) 450

No. R.585 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/4/10) 451

No. R.586 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/4/11) 452

No. R.587 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/217) ...

No. R.621 (Republiek) Departement van Doeane- en Aksyns: Klassifikasielys van Kommoditeite vir Statistiese Doeleindes ten opsigte van Uitvoer

No. R.642 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/546) ..

No. R.643 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/547) ..

No. R.644 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/548) ..

No. R.645 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/545) ...

No. R.672 (Republiek) Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

No. 249 (Republiek) Departement van Spoorweë, Hawens en Lugdiens: Verhoging van Tariewe

No. 259 (Republiek) Militêre Opleiding en Oefeninge: Walvisbaai .....

ADVERTENSIES:

No. R.587 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/217) 453

No. R.621 (Republic) Department of Customs and Excise: Classification List of Commodities for Statistical Purposes in Respect of Exports . 453

No. R.642 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/546) 455

No. R.643 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/547) 456

No. R.644 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/548) 457

No. R.645 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/545) 457

No. R.672 (Republic) Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa 458

GENERAL NOTICES:

No. 249 (Republic) Department of Railways, Harbours and Airways: Increase in Tariffs 459

No. 259 (Republic) Military Training and Exercises: Walvis Bay 460

ADVERTISEMENTS: 461

PROKLAMASIE

VAN DIE VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN SUIDWES-AFRIKA

No. 6 van 1978]

DORP KHOMASDAL (UITBREIDING 4) STIGTINGSVOORWAARDES

NADEMAAL artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) bepaal dat die Uitvoerende Komitee by ontvangs van 'n kennisgewing van die Registrateur van Aktes dat die bepalings van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is die gebied voorgestel op Algemene Plan A435/77 (K. 182) by Proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot goedgekeurde dorp moet verklaar;

EN NADEMAAL 'n kennisgewing dat die bepalings van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is deur die Uitvoerende Komitee van die Registrateur van Aktes ontvang is;

SO IS DIT dat die gebied Khomasdal (Uitbreiding 4) voorgestel op Algemene Plan A435/77 (K.182) hierby kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) tot goedgekeurde dorp verklaar word.

PROCLAMATION

BY THE CHAIRMAN OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF SOUTH WEST AFRICA

No. 6 of 1978]

TOWNSHIP OF KHOMASDAL (EXTENSION 4) CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

WHEREAS section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) provides that upon receipt of a notification from the Registrar of Deeds that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with the Executive Committee shall declare the area as represented on General Plan A435/77 (K.182) by proclamation in the *Official Gazette* to be an approved township;

AND WHEREAS notification that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with has been received by the Executive Committee from the Registrar of Deeds;

NOW THEREFORE under and by virtue of the provisions of section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) the area Khomasdal (Extension 4) represented by General Plan A435/77 (K.182) is hereby declared an approved township.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die dorp Khomasdal (Uitbreiding 4) toegestaan is, word in die Bylae hierby uiteengesit.

GEGEE ONDER MY HAND IN WINDHOEK OP HIERDIE DIE 17DE DAG VAN MAART 1978.

A. H. DU PLESSIS
Voorsitter van die Uitvoerende Komitee.

BYLAE

STIGTINGSVOORWAARDES

1. *Naam van dorp:*

Die dorp heet KHOMASDAL (UITBREIDING 4).

2. *Samestelling van dorp:*

Die dorp bestaan uit 387 erwe genommer 2472-2858; 9 openbare plekke genommer 2859-2867 en strate soos aangedui op Algemene Plan A435/77 (K. 182).

3. *Gereserveerde erwe:*

Die volgende erwe word soos volg gereserveer:

(i) *Vir die Plaaslike Bestuur:*

Erwe 2512, 2540, 2551-2553, 2589, 2648, 2747, 2641, 2775, 2788 en 2824.

(ii) *Vir die Administrasie van Suidwes-Afrika:*

Erwe 2472, 2770 en 2772 — vir onderwysdoeleindes.

4. *Titelvoorwaardes:*

A. *Ten opsigte van alle erwe buiten erwe 2785, 2789 en 2790 en die genoem in paragraaf 3 word die volgende voorwaardes ten gunste van die Plaaslike Bestuur goedgekeur vir invoeging by die titelbewyse daarvan:*

(i) Behalwe waar anders bepaal, mag nóg die geheel, nóg 'n deel van die erf oorgedra, verhuur of op enige wyse afgestaan of vervreem word aan enigiemand buiten 'n Kleurling of aan enige vennootskap, maatskappy of enige ander liggaam van persone, met of sonder regspersoonlikheid, van wie al die vennote, direkteure en aandeelhouers of lede, na gelang, nie Kleurlinge is nie: Met dien verstande dat die erf verhuur mag word aan enige staatsdepartement of staatsadministrasie of

The conditions in terms of which the application for the establishment of the township of Khomasdal (Extension 4) has been granted are set out, in the Schedule hereto.

GIVEN UNDER MY HAND IN WINDHOEK ON THIS THE 17TH DAY OF MARCH 1978.

A. H. DU PLESSIS
Chairman of the Executive Committee.

SCHEDULE

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. *Name of township:*

The name of the township shall be KHOMASDAL (EXTENSION 4).

2. *Composition of township:*

The township shall comprise 387 erven numbered 2472-2858; 9 public places numbered 2859-2867 and streets as indicated on General Plan A435/77 (K.182).

3. *Reserved erven:*

The following erven shall be reserved as follows:

(i) *For the local authority:*

Erven 2512, 2540, 2551-2553, 2589, 2648, 2747, 2641, 2775, 2788 and 2824.

(ii) *For the Administration of South West Africa:*

Erven 2472, 2770 and 2772 — for educational purposes.

4. *Conditions of title:*

A. *In respect of all erven, except Erven 2785, 2789 and 2790 and those erven mentioned in paragraph 3, the following conditions in favour of the local authority shall be approved for inclusion in the title deeds of the relative erven:*

(i) Except where otherwise provided, the erf or any portion thereof shall not be transferred, let or in any other way granted or disposed of to any person other than a Coloured person or to any partnership, company or any other body of persons whether incorporated or unincorporated, of which all the partners, directors and shareholders or members, as the case may be, are not Coloured persons: Provided that the erf may be let to any state department or state administration or company which is registered in terms of the

'n maatskappy geregistreer ingevolge die Maatskappye Wet, 1973 (Wet 61 van 1973), of enige ander wet in verband met die registrasie van maatskappye, enige korporasie wat by wet ingestel is of enige kerkgenootskap, wat deur blankes beheer word, vir die uitsluitlike doel om Kleurlingwerknemers van sodanige staatsdepartement, staatsadministrasie, maatskappy, korporasie of kerkgenootskap daarop te huisves: Met dien verstande voorts dat as die erf gebruik word vir godsdienstige doeleindes vir Kleurlinge waarby ingesluit is die huisvesting van een leraar met sy gesin in 'n woning op die erf vir die doeleindes van 'n bestaande Kleurlingsendingskool, met inbegrip van 'n koshuis wat wettig daarheen oorgeplaas is, dit aan 'n godsdienstige liggaan wat deur blankes beheer word, verhuur kan word: Met dien verstande voorts dat as 'n verband op die erf met die toestemming van die plaaslike bestuur en Voorsitter van die Uitvoerende Komitee geregistreer word, die verbandhouer nieteenstaande andersluidende wetsbepalings geregtig is om die eiendom waarop hy die verband hou, by 'n eksekusieverkoping te koop en transport daarvan te neem hetsy sodanige verbandhouer 'n Kleurling of 'n vennootskap, maatskappy of ander liggaam van persone met of sonder regspersoonlikheid is waarvan al die vennote, direkteure en aandeelhouers of lede, na gelang, Kleurlinge is, al dan nie, maar as die verbandhouer die erf op hierdie wyse bekom, is hy gebonde aan die bepalings van hierdie subparagraaf wat die verdere oordrag, verhuur of vervreemding betref.

(ii) Niemand buiten 'n Kleurling mag toegelaat word om op die erf te woon of dit op enige ander wyse te okkupeer nie: Met dien verstande dat slegs een *bona fide* inboorlinghuisbediende wat sy of haar dienste op die erf lewer, onderworpe aan die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee en die voorwaardes wat deur hom gestel word, op die betrokke erf mag woon.

(iii) Nieteenstaande enige andersluidende bepalings vervat in subparagraaf (i) hiervan, mag die erf onderworpe aan die voorafverkreë goedkeuring van die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee en aan die voorwaardes wat hy oplê, oorgedra of op enige ander wyse vervreem of afgestaan word aan enige staatsdepartement, staatsadministrasie of maatskappy geregistreer ingevolge die bepalings van die Maatskappyewet, 1973 (Wet 61 van 1973), of enige ander wet in verband met die registrasie van

Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), or any other act in connection with the registration of companies, any corporation which is instituted by law or any church denomination which is controlled by whites, for the exclusive purpose of lodging Coloured employees of such state department, state administration, company, corporation or church denomination on the erf: Provided further that if the erf is used for religious purposes for Coloured persons, including one dwelling for one minister with his family in a dwelling on the erf, or for the purpose of an existing Coloured mission school including a hostel which has been lawfully transferred there, it may be leased by a religious body controlled by whites: Provided further that if any mortgage on the erf is registered with the consent of the local authority and the Chairman of the Executive Committee the mortgagee shall, notwithstanding any provisions of any law to the contrary be entitled to buy the property mortgaged in his/its favour at a sale in execution and to take transfer of it, whether such mortgagee is a Coloured person or a partnership, company or other body of persons incorporated or unincorporated of which all the partners, directors and shareholders or members, as the case may be, are Coloured persons or not, but such mortgagee gaining possession of the erf in such manner shall be bound by the provisions of this subparagraph regarding any further transfer, lease or alienation.

(ii) No person, except a Coloured shall be permitted to reside on the erf or to occupy it in any other manner: Provided that only one *bona fide* Native domestic servant rendering his or her services on the erf shall, subject to the prior written consent of the Chairman of the Executive Committee and the conditions imposed by him be permitted to reside on the erf.

(iii) Notwithstanding any provisions to the contrary contained in subparagraph (i) hereof, the erf may, subject to the prior approval of the Chairman of the Executive Committee and to the conditions which he may impose be transferred, or in any other manner alienated or disposed of to any state department, state administration, any company registered in terms of the provisions of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973) or any other law in connection with the registration of companies, any

maatskappye, enige korporasie wat by wet ingestel is of enige kerkgenootskap wat deur blankes beheer word vir die uitsluitlike doel om Kleurlingwerknemers van sodanige staatsdepartement, staatsadministrasie, maatskappy, korporasie of kerkgenootskap daarop te huisves: Met dien verstande dat as die erf vir godsdienstige doeleindes vir Kleurlinge gebruik word, insluitende een woning vir een leraar, of vir die doeleindes van 'n bestaande Kleurlingsendingskool, met inbegrip van 'n koshuis wat wettig daarheen oorgeplaas is, dit aan 'n godsdienstige liggaam wat deur blankes beheer word, oorgedra of op enige ander wyse vervreem of afgestaan kan word.

B. *Ten opsigte van alle erwe buiten die genoem in paragraaf 3 word die volgende voorwaardes ten gunste van die Plaaslike Bestuur goedgekeur vir invoeging by die titelbewyse daarvan:*

(i) Die erf mag nie met 'n verband beswaar word nie sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van beide die plaaslike bestuur en die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee en dan slegs onderworpe aan die voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee stel.

(ii) Die erf mag slegs gebruik word vir die doeleindes wat toelaatbaar is ingevolge en onderworpe aan die voorwaardes wat neergelê is kragtens die Dorpsbeplanningskema van Windhoek wat ingevolge die bepalings van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954), opgestel is.

(iii) Die eienaar en enige huurder van die erf is verplig om toe te laat —

(a) dat sodanige waterpyplyne, stormwaterafvoerpype, rioolpype en bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne op so 'n wyse en in so 'n ligging soos wat van tyd tot tyd na oorlegpleging met die eienaar van die erf, deur die plaaslike bestuur nodig geag word, oor die erf aangelê word;

(b) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, tydelik op die erf geplaas mag word;

(c) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, in-

corporation which is instituted by law or any church denomination controlled by whites for the sole purpose of supplying accommodation for the Coloured employees of such state department, state administration, company, corporation or church denomination on the erf: Provided that if the erf is used for religious purposes for Coloured persons including one dwelling for one minister, or for the purpose of an existing Coloured mission school including a hostel which has been lawfully transferred there it may be transferred, or in any other manner alienated or disposed of to a religious body controlled by whites.

B. *In respect of all erven, except the erven mentioned in paragraph 3 the following conditions in favour of the local authority shall be approved for inclusion in the title deeds of the relative erven:*

(i) The erf may not be mortgaged without the prior written consent of both the local authority and the Chairman of the Executive Committee and then only subject to the conditions the Chairman of the Executive Committee may impose.

(ii) The erf may only be used for the purposes which are permitted in accordance with and subject to the conditions which are laid down in terms of the Windhoek Town Planning scheme drafted in accordance with the provisions of the Town Planning Ordinance 1954 (Ordinance 18 of 1954).

(iii) The owner and any lessee of the erf shall be obliged to allow —

(a) such water pipelines, storm-water drain pipes, sewer pipes and overhead or underground electrical supply lines to be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be found necessary by the local authority after consultation with the owner of the erf;

(b) any materials that may be excavated during the construction, maintenance and removal of any such water pipeline, storm-water drain pipe, sewer pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;

(c) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction,

standhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige tyd mag betree,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan, of enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal wat uitgegrawe word, deur die plaaslike bestuur vergoed moet word.

(iv) Die eienaar van die erf is verantwoordelik vir die bou van stutmure op eie koste om te verhoed dat enige gedeelte van die erf in die straat val, of omgekeerd: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds voordat die in hierdie paragraaf bedoelde straat of strate gemaak is 'n keermuur of keermure opgerig het wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is en sodanige straat of strate word daarna gemaak op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat deel van daardie eiendom in die straat val, of andersom, na gelang, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.

(v) Geen boom bekend as prosopis SPP mag op die erf geplant word of toegelaat word om daarop te groei nie.

C. *Die volgende bykomende voorwaardes ten gunste van die plaaslike bestuur word goedgekeur vir invoeging by die titelbewyse daarvan:*

(i) Die bouwaarde van die hoofgebou op die volgende erwe moet minstens R6 000,00 wees:

Erwe 2473-2511, 2513-2539, 2541-2550, 2794-2823, 2825-2858, 2774, 2776, 2779-2782 en 2792-2793.

(ii) Die bouwaarde van die hoofgebou op die volgende erwe moet minstens R9 000,00 wees:

maintenance or removal of any such water pipeline, storm-water drain pipe, sewer pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times;

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance or removal of any such water pipeline, storm-water drain pipe, sewer pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto or any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials excavated, shall be compensated by the local authority.

(iv) The owner of the erf shall be responsible for the building at his own cost of retaining walls to prevent any portion of the erf from falling into the street or *vice versa:* Provided that where the owner of the erf has constructed a retaining wall or walls approved by the local authority before the street or streets referred to in this paragraph have been constructed, and such street or streets are constructed subsequently on such a level that it necessitates the building of a new retaining wall or walls or that the existing retaining wall or walls have to be altered to prevent part of that property from falling into the street or vice versa, as the case may be, such construction or alteration shall be effected at the expense of the local authority.

(v) No trees known as prosopis SPP shall be planted or permitted to grow on the erf.

C. *The following additional conditions in favour of the local authority shall be approved for inclusion in the title deeds of the relative erven:*

(i) The building value of the main building on the following erven shall be at least R6 000,00

Erven 2473-2511, 2513-2539, 2541-2550, 2794-2823, 2825-2858, 2774, 2776, 2779-2782, and 2792-2793.

(ii) The building value of the main building on the following erven shall be at least R9 000,00:

Erwe 2554-2588, 2590-2640, 2643-2647, 2649-2746 en 2748-2769.

(iii) Die bouwaarde van die hoofgebou op die volgende erwe moet minstens R15 000,00 wees:

Erwe 2783 en 2786

(iv) Die bouwaarde van die hoofgebou op die volgende erwe moet minstens R12 000,00 wees:

Erwe 2789 en 2790.

(v) Die bouwaarde van die hoofgebou op die volgende erwe moet minstens R18 000,00 wees:

Erwe 2642, 2777 en 2787.

(vi) Die bouwaarde van die hoofgebou op die volgende erf moet minstens R10 000,00 wees:

Erf 2785.

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

No. R. 60 van 1978 (Republiek)]

OMSKRYWING VAN DIE GEBIED WAARBINNE DIE ADMINISTRASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS REGSMAG BY DIE HAWE VAN SALDANHABAAI BESIT

Kragtens die bevoegdhede my verleen by artikel 1(1) (xii) van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), word —

(a) Proklamasie R.176 van 1976 hiermee herroep, en

(b) die gebied hieronder beskryf, geproklameer as 'n hawe binne die regsgebied van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens:

SALDANHABAAIHAWE

Die gebied by Saldanhabaai, in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop, wat aan die Regering van die Republiek van Suid-Afrika behoort, soos op die bygaande Sketskaart CLS 70/1 aangetoon en hieronder omskryf:

Erven 2554-2588, 2590-2640, 2643-2647, 2649-2746 and 2748-2769.

(iii) The building value of the main building on the following erven shall be at least R15 000,00:

Erven 2783 and 2786.

(iv) The building value of the main building on the following erven shall be at least R12 000,00:

Erven 2789 and 2790

(v) The building value of the main building on the following erven shall be at least R18 000,00:

Erven 2642, 2777 and 2787

(vi) The building value of the main building on the following erf shall be at least R10 000,00:

Erf 2785

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

No. R. 60 of 1978 (Republic)[1]

DESCRIPTION OF THE AREA WITHIN WHICH THE SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS ADMINISTRATION HAS JURISDICTION AT THE HARBOUR OF SALDANHA BAY

Under the powers vested in me by section 1(1) (ii) of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act 70 of 1957), I hereby —

(a) repeal Proclamation R.176 of 1976, and

(b) proclaim the area described below as a harbour within the jurisdiction of the Administration of the South African Railways and Harbours:

SALDANHA BAY HARBOUR

The area at Saldanha Bay in the Province of the Cape of Good Hope, vested in the Government of the Republic of South Africa, as shown on the accompanying Sketch Plan CLS 70/1 and defined below:

Die gebied binne die figuur A hoogwatermerk van die Atlantiese Oseaan en Saldanhabaai B C D hoogwatermerk van Saldanhabaai E landwaartse grense van Plaas 196 F G hoogwatermerk van Saldanhabaai en die Atlantiese Oseaan H J K A; met uitsluiting van die Goewermentsteier, die herstelsteier en sleephelling van die Departement van Nywerheidswese en alle ander vaste strukture verbonde aan die visbedryf.

GEGEE ONDER MY HAND EN DIE SEËL VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA TE KAAPSTAD OP HIERDIE SESTIENDE DAG VAN FEBRUARIE EENDUISEND NEGEHONDERD AGT-EN-SEWENTIG.

N. DIEDERICHS
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade
S. L. MULLER.

The area within the figure A high-water mark of the Atlantic Ocean and Saldanha Bay B C D high-water mark of Saldanha Bay E landward boundaries of Farm 196 F G high-water mark of Saldanha Bay and the Atlantic Ocean H J K A, exclusive of the Government jetty, the repair jetty and the slipway of the Department of Industries and all other fixed structures connected with the fishing industry.

GIVEN UNDER MY HAND AND THE SEAL OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AT CAPE TOWN ON THIS SIXTEENTH DAY OF FEBRUARY ONE THOUSAND NINE HUNDRED AND SEVENTY-EIGHT.

N. DIEDERICHS
State President.

By order of the State President-in-Council
S. L. MULLER.

Wysiging 40

Amendment 40.

SALDANHABAAIHAWE—SALDANHA BAY HARBOUR

KOÖRDINAATLYS—CO-ORDINATE LIST

	Stelsel Y	Lo 19° (m)	System X
B	+97 067,35	+3 656	189,59
C	+96 880,75	+3 656	178,28
D	+96 679,55	+3 656	037,21
F	+89 456,13	+3 659	807,10
G	+93 659,63	+3 660	913,26
L	+93 746,13	+3 660	936,02

	Breedtegraad Latitude	*Lengtegraad Longitude*
J	33°11'00"S	17°57'00"O/E
K	33°03'00"S	17°50'00"O/E

Beskrywing van punte

A. Is die punt waar breedtegraad 33°01'38"S die hoogwatermerk van die Atlantiese Oseaan sny.
E. Is die punt waar die westelike grens van Plaas 196 die hoogwatermerk van Saldanhabaai sny.
F. Is die punt waar die suidelike grens van Plaas 196 die hoogwatermerk van Saldanhabaai sny.
G. Is die punt waar 'n reguit lyn tussen die punte F en L die hoogwatermerk van Saldanhabaai sny.
H. Is die punt waar breedtegraad 33°08'56"S die hoogwatermerk van die Atlantiese Oseaan sny.

Description of points

A. Is the point where latitude 33°01'38"S intersects the high water mark of the Atlantic Ocean.
E. Is the point where the western boundary of Farm 196 intersects the high water mark of Saldanha Bay.
F. Is the point where the southern boundary of Farm 196 intersects the high water mark of Saldanha Bay.
G. Is the point where a straight line between the points F and L intersects the high water mark of Saldanha Bay.
H. Is the point where latitude 33°08'56"S intersects the high water mark of the Atlantic Ocean.

PLAN No. CLS 70/1. (Bestaande uit twee velle/Comprising 2 sheets) Vel 2/Sheet 2.



PLAN No CLS 70/1 (comprising 2 sheets) Sheet 1
(bestaande uit 2 velle) Vel 1

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

No. 88] [15 April 1978

MUNISIPALITEIT VAN USAKOS

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSREGULASIES

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Usakos by Goewermentskennisgewing 120 van 1959, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 82 van 1960, 157 van 1962, 171 van 1965, 170 van 1968, 13 van 1972, 140 van 1973, 37, 191 en 273 van 1975, 165 van 1976 en 1, 243 en 351 van 1977.

AANSLAGTARIEWE OP ELEKTRISITEITSLEWERING

1. Vervang die syfer "5,5" waar dit voorkom in paragrawe 5(A)(b), 5(B)(b) en 5(D)(b) deur die syfer "6,25".

2. Vervang die syfer "9,5" waar dit voorkom in paragraaf 5(C)(b) deur die syfer "10,25".

3. Vervang die syfer "6,5" waar dit voorkom in paragraaf 5(D)(b) deur die syfer "7,25".

4. Vervang die syfer "2,6" waar dit voorkom in paragraaf 5(E)(b) deur die syfer "3,35".

No. 89] [15 April 1978

DORPSBESTUUR VAN MALTAHÖHE WYSIGING VAN REGULASIES OP WATERLEWERING

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 14 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die volgende wysiging goedgekeur van die regulasies van toepassing gemaak op die Dorpsbestuur van Maltahöhe by Goewermentskennisgewing 160 van 1966, soos

Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,
Windhoek.

No. 88] [15 April 1978

MUNICIPALITY OF USAKOS

AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations applied to the Municipality of Usakos by Government Notice 120 of 1959, as amended by Government Notices 82 of 1960, 157 of 1962, 171 of 1965, 170 of 1968, 13 of 1972, 140 of 1973, 37, 191 and 273 of 1975, 165 of 1976 and 1, 243 and 351 of 1977.

ASSESSMENT TARIFF AND CHARGES ON THE SUPPLY OF ELECTRICITY

1. Substitute the figure "6,25" for the figure "5,5" where it appears in paragraph 5(A)(b), 5(B)(b) and 5(D)(b).

2. Substitute the figure "10,25" for the figure "9,5" where it appears in paragraph 5(C)(b).

3. Substitute the figure "7,25" for the figure "6,5" where it appears in paragraph 5(D)(b).

4. Substitute the figure "3,35" for the figure "2,6" where it appears in paragraph 5(E)(b).

No. 89] [15 April 1978

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF MALTAHÖHE AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 14 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) approved the following amendment of the regulations applied to the Village Management Board of Maltahöhe by Government Notice 160 of 1966, as amended by

gewysig by Goewermentskennisgewings 63 van 1971, 149 van 1972, 174 van 1974, 7 en 193 van 1976 en 151 van 1977.

Vervang die bedrae "R0,27" en "R3,00" waar dit voorkom in paragraaf 1 van Bylae B deur die bedrae "R0,30" en "R3,30" onderskeidelik.

No. 90] [15 April 1978

SLUITING VAN PLAASPAD 1768 DISTRIK MARIENTAL

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Mariental plaaspad 1768 wat aangetoon word op sketskaart P918 gesluit soos in die bylae hieronder beskryf.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Beskrywing van pad:	*Gedeelte gesluit:*
Die pad beskryf as plaaspad 1768 in Bylae I van Proklamasie 31 van 1954.	Die hele.

Government Notices 63 of 1971, 149 of 1972, 174 of 1974, 7 and 193 of 1976 and 151 of 1977.

Substitute the amounts of "R0,30" and "R3,30" for the amounts of "R0,27" and "R3,00" respectively where they occur in paragraph 1 of Schedule B.

No. 90] [15 April 1978

CLOSING OF FARM ROAD 1768 DISTRICT OF MARIENTAL

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Mariental closed farm road 1768 which is indicated on sketch-map P918 and which is described in the schedule hereto.

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

SCHEDULE

Description of road:	*Portion closed:*
The road described as farm road 1768 in Schedule I of Proclamation 31 of 1954.	The whole.

No. 91] [15 April 1978

SLUITING VAN DISTRIKSPAD 1785 EN PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD DISTRIK GOBABIS

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Gobabis distrikspad 1785 wat aangetoon word op sketskaart P875 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P875 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad (nommer 1785) verklaar.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

No. 91] [15 April 1978

CLOSING OF DISTRICT ROAD 1785 AND PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD DISTRICT OF GOBABIS

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Gobabis closed district road 1785 which is indicated on sketch-map P875 and which is described in Schedule I hereto and proclaimed a road which is indicated on sketch-map P875, defined the course thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road (number 1785). The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

BYLAE I

Beskrywing van pad:	*Gedeelte gesluit:*
Die pad beskryf as distrikspad 1785 in Bylae II van Proklamasie 31 van 1954.	Die hele.

BYLAE II

Van 'n punt (F op skets P875) op grootpad 41 op die plaas San Remo 543 algemeen noordwaarts oor die plase San Remo 543, Arnhem 540 en Gedeelte 1 (Edna) van Butaba 439 tot op 'n punt (E op skets P875) op laasgenoemde Gedeelte 1; van daar algemeen noordooswaarts oor die plase Gedeelte 1 (Edna) van Butaba 539, Gedeelte 2 (Dagbreek) van Springbokpan 534 en Springbokpan 534 tot op 'n punt (D op skets P875) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordweswaarts oor die plase Springbokpan 534, Gedeelte 1 (Eastview) van Castor 531 en Castor 531 tot op 'n punt (A op skets P875) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordweswaarts oor die plase Castor 531 en Wyoming 36 tot op 'n punt (C op skets P875) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plase Wyoming 36, Dakota 35, Tenessee 48, Ohio 46, Honolulu 49 en Grasperk 50 tot op 'n punt (G op skets P875) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plase Grasperk 50, Mytilus 88, Namkali 87 en Gedeelte 1 (Bulte) van Tevrede 86 tot op 'n punt (H op skets P875) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plase Gedeelte 1 (Bulte) van Tevrede 86 en Gedeelte N van Kaukurus 79 tot op 'n punt (I op skets P875) op distrikspad 1793 op laasgenoemde Gedeelte N.

SCHEDULE I

Description of road:	*Portion closed:*
The road described as district road 1785 in Schedule II of Proclamation 31 of 1954.	The whole.

SCHEDULE II

From a point (F on sketch P875) on main road 41 on the farm San Remo 543 generally northwards across the farms San Remo 543, Arnhem 540 and Portion 1 (Edna) of Butaba 539 to a point (E on sketch P875) on the last-mentioned Portion 1; thence generally north-eastwards across the farms Portion 1 (Edna) of Butaba 539, Portion 2 (Dagbreek) of Springbokpan 534 and Springbokpan 534 to a point (D on sketch P875) on the last-mentioned farm; thence generally north-westwards across the farms Springbokpan 534, Portion 1 (Eastview) of Castor 531 and Castor 531 to a point (A on sketch P875) on the last-mentioned farm; thence generally north-westwards across the farms Castor 531 and Wyoming 36 to a point (C on sketch P875) on the last-mentioned farm; thence generally northwards across the farms Wyoming 36, Dakota 35, Tenessee 48, Ohio 46, Honolulu 49 and Grasperk 50 to a point (G on sketch P875) on the last-mentioned farm; thence generally northwards across the farms Grasperk 50, Mytilus 88, Namkali 87 and Portion 1 (Bulte) of Tevrede 86 to a point (H on sketch P875) on the last-mentioned farm; thence generally north-eastwards across the farms Portion 1 (Bulte) of Tevrede 86 and Portion N of Kaukurus 79 to a point (I on sketch P875) on district road 1793 on the last-mentioned Portion N.

No. 92] [15 April 1978

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING REGULASIES OP WATERLEWERING

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewings 32 van 1972, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 153 van 1972, 64 en 266 van 1973, 67 van 1974, 35 en 228 van 1976 en 56, 198 en 334 van 1977.

1. Vervang tarief 1 in Bylae B deur die volgende:

"1. Vir water verbruik:

(a) *Hentiesbaai:*

(i) Basies: Betaalbaar op alle erwe ongeag of daar water verbruik word of nie R0,80 p.m.

No. 92] [15 April 1978

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD WATER SUPPLY REGULATIONS

